# DIE SKIETLOOD

204e Uitgawe 22 Julie 2022
saam met Koersvas 204

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in die *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr Johan Otto


## Die Dordtse Leerreëls

**Hoofstuk 3 en 4: Die verdorwenheid van die mens, sy bekering tot God en die wyse waarop dit plaasvind. Verwerping van die dwalings.**

Die regsinnige leer is uiteengesit. Sekere dwalings moet nou aangespreek word.

***Teks 1**. Daarom verwerp die Sinode die dwaling van hulle wat leer: 'n Mens kan eintlik nie sê dat die erfsonde alleen voldoende is om die hele menslike geslag te veroordeel of om tydelike en ewige strawwe te verdien nie.*
*Die Sinode leer: Hulle weerspreek immers die apostel wat sê: Deur een mens het die sonde in die wêreld ingekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot al die mense deurgedring, omdat almal gesondig het (Rom. 5:12): en: Die oordeel was uit één tot veroordeling (Rom. 5:16), en: Die loon van die sonde is die dood (Rom. 6:23). Qui docent, 'Proprie dici non posse, quod peccatum originis per se sufficiat toti generi humano condemnando, aut temporales et æternas pœnas promerendo.' Contradicunt enim Apostolo, dicenti, Rom. v. 12: Per unum hominem peccatum in mundum introiit, ac per peccatum mors, et ita in omnes homines mors transiit, in quo omnes peccaverunt. Et vers. 16: Reatus ex uno introiit ad condemnationem. Item, Rom. vi. 23: Peccati stipendium mors est.*

**Verklarende kommentaar**
Romeine 5:12: "*Deur een mens het die sonde in die wêreld ingekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot al die mense deurgedring, omdat almal gesondig het*." Die *verbatim* aanhaling van Romeine 5:12 is belangrik. Meer as die aard en impak van die erfsonde is hier ter sprake. Hierdie teksgedeelte was (opvallend genoeg) gebruik (saam met ander teksverse) om die Pelagius dwaling te regverdig. Die opstellers van die Dordtse leerreëls heg 'n ander interpretasie aan die teks as die Remonstrante wat saam met Pelagius klem sou wou lê op menslike keuse en prestasie. Die Pelagianisme interpreteer die vers as dat die mensdom by wyse van die <u>voorbeeld</u> van Adam in sonde verval het. Christus se geregtigheid word deur sodanige interpretasie ondermyn, omdat saligheid dan impliseer die volg van die <u>nuwe voorbeeld</u> gestel deur Christus; wat impliseer die mens red homself.
Dit is met ander woorde belangrik om eers die teks te interpreteer en by die Skrifgetroue betekenis uit te kom. Dit beteken die teks moet in lyn en in die lig van die ganse Skrif ondersoek en interpreteer word.
Die tema wat in hierdie gedeelte na vore kom is die inverse parallel tussen Adam as die hoof van die mensdom en Christus as die hoof van die nuwe mensdom. Die impak, reikwydte en gevolge van Christus se gehoorsaamheid strek net so wyd as wat Adam se ongehoorsaamheid se impak, reikwydte en gevolge was. Die antitetiese analogie wat gebruik word, kan nie ten volle deurgevoer word nie. Twee gedagte-komplekse word teenoor mekaar gestel in terme van parallelle ontwikkeling. Die een is die sonde-

veroordeling-dood verbintenis. Die ander gedagte-kompleks is die geregtigheid-regverdiging-lewe tema. Waar is die parameters waarbinne beweeg moet word? Kom ons ondersoek die teks.

John Murray beklemtoon met reg die feit dat hierdie gedeelte nie atomisties verstaan kan word nie. Die solidariteit van menswees is ter sprake. Sonde en die gevolge daarvan is nie 'n proses wat los van die mensdom by Adam in werking tree nie. Soos met Adam, so met die mensdom. Die gemeenskaplike band tussen Adam en die menslike geslag is 'n onlosmaaklike korporatiewe band. Dit is die sleutel tot die verstaan van hierdie teks. Sodra enige interpretasie Adam los maak van die res van ons en net 'n voorbeeld word, ignoreer ons die onlosmaaklike wisselwerking tussen ons en Adam. Daarmee saam word Christus dan ook los verstaan van die verlore mens en die verlore mens los van Christus en saligheid. God se genade en regverdiging spreek in die eerste instansie die menslike situasie aan. Dit is die gemeenskaplike van menswees wat in die siklus van dood en sonde vasgevang is. God handel in Christus met die menslike situasie, nie die individuele toevalligheid nie.

Daarmee saam moet dit ook onthou word dat Paulus in die gedeelte steeds besig is met die tema van regverdiging deur geloof. Enige sprake van 'n individuele voorbeeld, is daarom nie in lyn met die teks in geheel nie.

Die teks self begin met 'n vergelyking wat nie voltooi word nie; die tweede deel van die vergelyking bly versweë. Dit begin deur te verwys na die koms van sonde, oordeel en dood deur een man. In Adam sien ons die koms en die uitwerking van sonde. Soos met Adam, so ook met alle mense; die dood het die menswees deurdrenk en oorspoel. Die noodsaaklikheid van verse 13 en 14 as verduideliking van die saak in vers 12 gestel, is die gevolg van die gewigtigheid van die saak wat in vers 12 gestel word - te wete sonde en dood. Deur een man het sonde die menslike werklikheid binnegedring. Die gevolg van sonde - dood - het daarmee saam werklikheid geword.

Die erfsonde kan teen hierdie agtergrond nie verstaan word as dat almal vergiftig is omdat Adam die gifappel (by wyse van spreke) geëet het nie. Nee, alle mense het gesondig; alle mense sondig. Dit is die menslike toestand dat alle mense sondig en ver van God is. Dit is waarom die dood geheers het selfs voor die Wet aan Moses gegee is. Dit is daarom nie korrek om te stel dat die sondeval nie genoegsaam was vir elke tyd en ewigheid se straf nie. Dit is elke mens se eie sonde wat in Adam (as prototipe) terug gevind word.

Teen hierdie agtergrond maak die verwerping van die Remonstrante se lering sin. Die erfsonde is meer as net 'n oorgeëerfde saak. Die woord is misleidend omdat dit eintlik verwys na die feit dat die mens sondig en sondaar is. Die menslike toestand is een van sonde en dood. Diegene wat wil beweer dat die sonde van een mens nie genoeg is om die totale mensdom te veroordeel nie, verstaan nie die Skrif of die mens korrek nie. Elkeen dra genoeg skuld van sy eie, ons is in solidariteit met Adam dat ons almal sondaars is.

Enige persoon wat die sonde of die gevolge van die sonde gering ag, gaan verval in valse hoop in die mens. Die totale verlorenheid van die mens moet erken word om die ware heerlikheid en

krag van God se genade te begryp te en waardeer.

**Teks *2*.** *Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die geestelike gawes of goeie hoedanighede en deugde soos goedheid, heiligheid en regverdigheid kon nie deel van die wil van die mens wees toe hy in die begin geskep is nie. Daarom kon dit in die sondeval ook nie van die wil geskei word nie.*
*Die Sinode leer: Dit is in stryd met die beskrywing van die beeld van God wat, volgens die apostel in Efesiërs 4:24, in geregtigheid en heiligheid bestaan, en beide setel sonder twyfel in die wil. Qui docent, 'Dona spiritualia, sive habitus bonos, et virtutes, ut sunt bonitas, sanctitas, justitia, in voluntate hominis, cum primum crearetur, locum habere non potuisse, ac proinde nec in lapsu ab ea separari.' Pugnat enim hoc cum descriptione imaginis Dei, quam Apostolus ponit Ephes. iv. 24; ubi illam describit ex justitia et sanctitate, quæ omnino in voluntate locum habent.*

**Verklarende kommentaar**
Die fragmentasie van die denke oor die mens en die mensdom is een van die hermeneutiese instrumente wat deur die Remonstrante gebruik is om hulle dwalinge te regverdig. So het hulle dan ook beweer dat gawes en deugde nie inherent deel van die mens se wil was by die skepping nie. Dit impliseer dat die mens nie 'n eenheid is wat na die beeld van God geskep is nie. Daardie deugde word iewers binne die mens veronderstel maar buite die wil van die mens geplaas om op hierdie manier die deugde in die mens te kan veronderstel. Dit word gedoen teen die agtergrond van die denke dat die mens se wil die rede tot sonde was en dat die mens se wil totaal deur die sonde gekorrupteer is. Indien dit die geval is dat die goedheid van die mens iewers anders in die mens gesetel is, is dit moontlik om goedheid, regverdigheid en heiligheid steeds aan die mens toe te dig, ongeag die sondeval en los van enige Saligmaker.
Die mens as lewende wese, deur God self gevorm en aan wie God self die lewensasem geskenk het, is anders as hierdie gekompartementeerde mens wat die Remonstrante voorhou. Die aanhaling uit Efesiërs 4:24 onderstreep dat die mens voor die sondeval in heiligheid en geregtigheid bestaan het. Die mens se wil, sy heiligheid en geregtigheid het hy totaal verloor met die val. Dit beteken dat daar nie een of ander diep-gewortelde saad van goedheid in die mens vasgevang is nie. Die totale verlorendheid van die mens staan teenoor die beeld van 'n erg gebroke maar self-herstelbare mens soos voorgestel in die Remonstrasie.
Hierdie benadering dwaal ook in terme van die gedagte dat die mens as beelddraer van God geskep is in die sin dat sake soos goedheid en heiligheid aan die mens toegedig word as eie inherente toestand. Met ander woorde die goedheid wat in die mens is, is nie iets wat deur God geskep is nie. Waar dit dan vandaan sou kom, is nie duidelik nie. Die Remonstrante is nie konsekwent in hulle argumentasie nie. Die volgende argument wat weerlê word, bewys die inkonsekwente denke.

**Teks *3*.** *Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Hierdie geestelike gawes is in die geestelike dood nie van die mens se wil geskei nie, aangesien die wil op sigself nooit verdorwe was nie. Dit is slegs deur die verduistering van die verstand en wisselvalligheid van die neigings verhinder. Wanneer hierdie*

*hindernisse uit die weg geruim is, kan die wil dan weer sy vrye, aangebore krag uitoefen. Dit wil sê dit kan allerhande goeie dinge wat hom voorgehou word, self wil en self kies of nie wil en nie kies nie.*

*Die Sinode leer: Dit is 'n nuwigheid en 'n dwaling waardeur die kragte van die vrye wil verhef word, en dit teen die uitspraak van die profeet. Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit. (Jer 17:9), en van die apostel: Onder wie (nl. die kinders van die ongehoorsaamheid) ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en die sinne gedoen het (Ef. 2:3). Qui docent, 'Dona spiritualia non esse in morte spirituali ab hominis voluntate separata, cum ea in sese nunquam corrupta fuerit, sed tantum per tenebras mentis, et affectuum inordinationem impedita; quibus impedimentis sublatis, liberam suam facultatem sibi insitam exerere, id est, quodvis bonum sibi propositum ex se, aut velle, sive eligere, aut non velle, sive non eligere possit.' Novum hoc et erroneum est, atque eo facit ut extollantur vires liberi arbitrii, contra Jeremiæ prophetæ dictum, cap. xvii. 9: Fraudulentum est cor ipsum supra omnia et perversum. Et Apostoli, Ephes. ii. 3: Inter quos (homines contumaces) et nos omnes conversati sumus olim in cupiditatibus carnis nostræ, facientes voluntates carnis ac cogitationum.*

**Verklarende kommentaar**

Binne die Remonstrante se argumentasie en voorstanders was daar ook verskillende benaderings. Soortgelyk aan die dwaling wat in die vorige verwerping genoem is, is die gedagte die goedheid van die mens nie van sy wil geskei is nie omdat die wil van die mens met die geestelike dood nie gekorrupteer is nie maar net ingeperk is. Hulle argumenteer dan dat die feit dat die mens se verstand in die duister rondtas en die onbeheersdheid van emosies die mens laat rondval, net 'n tydelike en omkeerbare toestand is. Sodra die mens se wil bevry is van die duister en die wisselvalligheid van emosies, sal die mens weer uit aangebore eie krag die goeie kan doen.

Die Remonstrante was oortuig dat die mens se vrye wil 'n aangebore krag is (teenwoordig in alle mense) wat dit moontlik maak vir die mens om die goeie te ken en te kan doen sodra die hindernisse verwyder is wat keer dat die mens die goeie doen en kies.

Dit is 'n nuwe gedagte binne die Christelike tradisie; dit maak die fout om die mens se vrye wil en sy vermoë tot keuse verhef tot 'n status wat nie in die Skrif terug gevind kan word nie. Net soos die vorige dwaling, maak ook hierdie gedagte nie erns met die aard, impak en omvang van die sondeval en die sonde nie. Hulle kyk verby die feit dat die dood heers en soek in die mens 'n ligpunt van self-redding. Jeremia 17:9 en Efesiërs 2:3 is van die teksgedeeltes wat aangehaal kan word om die totale val van die mens aan te dui.